FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK
T/Alg.

# Die WAPAD

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

IN U LIG

**Hoofredakteur**—F. W. Buytendach.
**Besigheidsbestuurder**—D.J. v.d. Merwe
**Medewerkers**—V. E. D'Assonville, A Botha.
**Sekretaris**: B. Lombard.

Alle bydraes moet vroegtydig by een van die redaksielede ingehandig word.

**Subredakteure**—
P. v.d. Merwe.
P. Struwig.
R. G. Kriel.
Mej. F. Venter.

**Deel II. No. VI.** | **Vrydag 6 Junie 1947.** | **PRYS 2d.**

## *REDAKSIONEEL*

### INTERVARSITY.

Die feit dat die verskillende Afrikaanse Universiteite teen mekaar kompeteer op sportgebied, is seker iets wat deur elkeen verwelkom en aangemoedig behoort te word. As Afrikanerstudente moet ons in eerste instansie hartlik saamwerk, maar ook hartlik saamspeel—op die wyse leer ons mekaar ken en waardeer. Dit sal ook ons eenheidsgevoel en eenheidsstrewe in hoë mate bevorder en bestendig.

Hierteenoor egter is daar sekere wanpraktyke, wat in baie gevalle uit 'n Intervarsity voortvloei waarop gewys moet word—dinge wat ons as Afrikanerstudente beslis onwaardig is en wat met alle mag bekamp moet word. Ek is nie van plan om hier daaroor uit te wei nie, as 'n mens die dagblaaie van die jongste tyd gelees net t.o.v. die gedrag van studente op Intervarsity's, dan behoort dit vir elkeen duidelik te wees waarop hier gesinspeel word.

In 'n sekere blad het onder die opskrif: „Studente-verval," die volgende paragraaf verskyn:

„Hoewel daar aan elke Universiteit nog 'n gesonde kern van studente bestaan wat bedeeld is met die nodige lewensrus wat pas by die tye waarin ons lewe en in hulle gedrag 'n waardige verantwoordelikheidsin openbaar, en hoewel dit meestal hierdie studente is wat die leiding neem in die Universiteitsaangeleenthede weëns die sterker persoonlikhede wat straal uit ewewigtige karakters, is dit nie te betwis nie dat 'n te groot aantal studente die universiteitslewe eenvoudig beskou as 'n vrylisensie vir allerhande onverantwoordelikheid en buitensporighede. Hierdie gees kom by uitstek na vore by spesiale geleenthede soos intervarsities en danse. By intervarsities verwag mens vanselfsprekend pret en lewenslus, maar jy verwag beslis nie sieklike dronkenskap by jeugdige pretmakers nie. Ongelukkig het dit almeer 'n verskynsel geword om openbare dronkenskap by sulke geleenthede onder bedroewend baie studente waar te nem."—Dit is maar 'n aanhaling uit een blad van baie, tog is dit genoegsaam om aan te toon dat as 'n intervarsity nie gehou word soos dit enige reggesinde Afrikaner pas nie, dit beslis 'n euwel kan word—en as dit die onvermydelike nadraai van 'n intervarsity is, dan is dit die die roeping van elke reggesinde Afrikanerstudent(e) om die reëling van 'n intervarsity eerder te bekamp as om dit aan te moedig, want as mens dit in die lig van sulke gevalle sou aanmoedig dan is jy 'n dienaar en slaaf van die kwaad en het jy laer as 'n dier gedaal. Hoewel daar nog nie sulke dinge in dagblaaie teen die gedrag van P.U.Kaners op intervarsities gepubliseer is nie, neem dit nie weg dat ons op ons hoede moet wees en let op ons gedrag nie. Die aantuigings teen die gedrag van studente van ander inrigtings op dergelike geleenthede, moet vir ons die vingerwysing wees om nog meer te let op ons gedrag as P.U.Kaners, veral omdat ons studente is aan 'n inrigting met 'n besondere beginsel. Hierdie beginsel moet ons nie soos 'n kleed omhang net wanneer dit ons pas nie, nee, dit moet ons optrede op elke gebied van die lewe bepaal en beheers—dan alleen is ons waardige P.U.Kaners.

Ons hou Saterdag intervarsity teen U.K.O.V.S.—en ons gaan dit in 'n goeie gees doen wat in die teken staan van ons leuse nl.: „In U Lig."

## IN EN OM DIE P.U.K.

Ons hartlike dank aan mnr. H. J. A. du Plessis vir sy bydrae wat onder die Oudstudente-rubriek verskyn. Hy gee daarin 'n beskrywing van die ekologiese omstandighede waarin hy hom bevind. Na aanleiding van die slot van sy skrywe, wil dit voorkom asof hy nou 'n grootwildjagter gaan word.

* * *

Mnr. Gert Coetsee van Kaapstad het ook van hom laat hoor. Hy het o.a. wenke aan die hand gedoen hoe om „Die Wapad" in beter vorm te laat verskyn. Ons hartlike dank vir die wenke en ons waardeer u belangstelling, maar omstandighede t.o.v. die druk van die blad laat dit op die oomblik nie toe nie.

* * *

Ons wil mnr. B. Duvenage gelukwens met nog 'n prestasie wat hom te beurt geval het. Nadat hy die wenpaal bereik het het hy syspykerskoene onder luide applous uitgetrek. Hy staar nou voortdurend met voldoening terug op 'n lang en moeilike afstand wat hy afgelê het. Omdat hy egter nie alleen terugstaar nie, doen hy natuurlik intussen ander dinge ook—en dit moet volgens homself nie te onaangenaam wees nie!

* * *

Ons hartlike gelukwensing aan mnr. Jan Henning wat ook intussen verloofgeraak het. Jan is volkome bewus van die ou waarheid wat maar altyd nuut bly nl. dat die mens nie alleen sal lewe nie.

Ook ons hartlike dank vir u bydrae tot die Oudstudente-rubriek—dit sal in die volgende uitgawe van „Die Wapad" verskyn.

## J. F. VAN STADEN.

Koos van Staden is gebore op 3 Nov.. 1924. Oor besonderhede i.v.m. sy kinderjare beskik ons nie. Wel weet ons dat hy in Johannesburg skoolgegaan het en einde 1943 matrikuleer het aan die Helpmekaar Hoërseunskool.

Hy het nie dadelik na 'n universiteit toe gegaan nie, maar kom in die begin van 1945 na die P.U.K. waar hy die B.Sc.-curriculum gevolg het, met Plantkunde en Aardrykskunde as hoofvakke. Hy was dus vanjaar derdejaarstudent.



Plotseling en onverwags egter is hy die aand van 10 Mei 1947 in die Koshuis oorlede aan hartverlamming. Hy was in daardie oomblikke alleen in sy kamer. Toe sy kamermaat inkom, het hy die lyk daar aangetref.

Ons het Staties geken as een van die stilles in die land. Ons het hom altyd gesien as hy so haastig en vinnig aanstryk klas-toe. En so sal ons hom onthou.

Waar Staties in so 'n jeugdige leeftyd oorlede is, stem dit ons almal tot nadenke. Deur die dood word tot ons gespreek. En, dis die Here wat spreek! Mag dit die troos van die beproefde gesin en familie wees, dat dit so besluit is in Gods ewige raadsplan.

W.V.

# INTERVARSITY PROGRAM

## SATERDAG 7 JUNIE.

6 JUNIE—Vrydag, 11.30 vm. Tennis.

7 JUNIE—Saterdag: 8 vm. Jukskei.

Saterdag: 9 vm. Korfbal en Manshokkie I.B.

Saterdag: 10 vm. Dameshokkie.

Saterdag: 11 vm. Manshokkie I.A.

Saterdag: 1 nm. Voetbal.

### SPESIALE GELUKWENSING!

Ons kan dit nie nalaat om die 1ste span Korfbal van harte geluk te wens met hulle oorwinnings van die afgelope week nie. Hulle het in die loop van die week eers teen Handelskool en 'n paar dae later teen Normaal gespeel. In beide gevalle was die oorwinning oortuigend. Veral die skitterende oorwinning oor Normaal verdien spesiale vermelding.

Ons wil mej. Liesbeth Venter, die Kapteine, verseker van ons voortdurende belangstelling en ondersteuning—veràl Saterdag wanneer hulle teen U.K.O.V.S. te staan sal kom.

Ons innige simpatie aan Teologiese student G. H. J. Kruger met die afsterwe van sy moeder. Ons bede is dat hy met sy familie getroos en versterk sal word deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

## *Rubriek vir Algemeenhede*

### BY DIE MONUMENT — 31 MEI 1947

By die graf
het ons gestaan,
met geboë hoof
'n stille traan
gestort;
Gepeins hoe uit lydensmarte wreed
Roue moeder- en kinderleed
'n Nasie het
geword . . . .
Met pik en graaf
het ons die pad weer oopgekap
Tot getuienis teen hul
Wat dit telkens toe wil trap:
Hier gaan hul bloedspoor,
hier eindig dit
By hierdie monument,
dié grafte grou en wit;
In dié grou aarde
het die saad gesterf
Vir die helder ideaal
die vrye groei te erf;
Die vrug het hul gelewer
'n Volle drag,
Die vrug is hierdie lote
die nuwe nageslag!
Die hulde wat ons bring:
Ons gaan nie hier bly staan
waar julle bloedspoor eindig
Maar op dié pad verder gaan;
Getrou aan die besef van nasie-wees
wat jul geplant het
onuitroeibaar in ons gees
Gaan ons nie neersit
op die ashoop van vernedering
Maar opstaan tot die daad!—
Nie om jul dood te wreek
Of voortgedryf deur haat
die nuwe bouwerk af te breek;—
Want liefde dryf ons tot die daad
Om voort te gaan op julle pad
En trou te waak
Oor die kosbare erfgoed
Deur julle nagelaat;
Op jul fondament
gaan ons verder bou
Volg die ideaal
deur julle voorgehou;—
En laat ons ook 'n bloedspoor na
Ons sal nie terugdeins, ween of kla,
Tot waar ons bloedspoor eindig
Sal ons die fakkel dra!

J. P. B. VILJOEN.

## 31 MEI.

Bostaande datum laat 'n mens onwillikeurig terugdink aan die bitterste oomblikke in die geskiedenis van die Afrikanernasie. Immers, dit is die datum waarop ons ons vryheid as volk moes prysgee. Ons vaders het goed en bloed opgeoffer om vry te wees en ongeag dit alles moes hulle dit prysgee—dit moes voorwaar 'n bitter saak gewees het!

Van hierdie stryd wat ons voorvaders so dapper gevoer het teen die veroweraar, getuig die verskillende gedenktekens en kerkhowe oor ons ganse land heen—dit is die sigbare getuienisse van 'n heftige stryd vir vryheid en reg. Een van hierdie kerkhowe, met 'n momument, kan ook in Potchefstroom aangetref word.

Soos gewoonlik het die P.U.Kaners op 31 Mei diè kerkhof weer skoongeskoffel, sodat al die grafte duidelik sigbaar is. Na afloop hiervan het Prof. dr. D. W. Krüger 'n treffende rede gehou. Hy het in sy rede daarop gewys dat 'n volk wat sulke offers gebring het nie ten onder kan gaan nie. Hy het verder op treffende wyse getoon hoe dat ons volk die ideale van ons voorvaders nog steeds nastreef —veral die offervaardigheid en strewe van die jeug van vandag, het hy verder gesê, getuig van die feit dat ons vryheidsideale nog steeds nagestreef word en dat ook òns as jeug bereid is om goed en bloed op te offer vir dieselfde ideale wat nagestreef is deur hulle wat in die stryd ondergegaan het. Al voer ons die stryd om ons vryheid nie met wapengeweld nie, doen ons dit met die krag van die gees teen alle teekanting in.

Met die vredesverdrag van Vereniging is die stryd en nederlaag van ons vadere verseël, maar daarmee het die stryd om die vryheidsideaal van die Afrikanernasie nie geëindig nie—nee, uit daardie selfde geslag wat ondergegaan het is 'n nuwe geslag gebore en uit die nederlaag wat hulle moes verduur, is die besieling van die nuwe geslag gebore om moedig en dapper voort te stry totdat ons vry sal wees, al moet dit ook nog jare duur.

(Vervolg volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

Die gedenktekens en kerkhowe oor ons ganse land heen sal die vryheidsideaal in ons steeds meer wakker roep, en ons sal stry en ons sal offer totdat die vryheidson eenmaal weer oor ons land en volk sal aanlig—dan sal daar wéér 'n monument opgerig word en op hierdie monument sal uitgebytel staan: Afrikaner oorwinning op grond van Afrikanervryheid en Afrikanerreg!

BLIOTEEK
K. vir C.H.O.

## RASSE-APARTHEID (3).

Verlede keer het ons die vraag gestel, wat die gevolge sal wees van die toenemende gelykstelling- en assimilasie-beleid hier te lande.

Die kern van ons rassevraagstuk lê uit die aard van die saak in die heterogeniteit van Suid-Afrika se bevolkingsamestelling, en dan veral dié besondere aspek daarvan dat die blanke bevolkingsgroep 'n betreklike klein minderheid is teenoor 'n groot nie-blanke meerderheid. Hierdie getalsewewig kan nie deur immigrasie herstel word nie, dit is prinsipieël 'n belaglike oplossing, d.w.s. dat ons immigrasie assodanig afkeur nie. Die huidige poging van partypolitieke leiers om ons rassevraagstukke op te los, is niks anders as blote lapwerk nie, want daardeur word ons rassevraagstukke 'n politieke speelbal en soek ons hedendaagse beroepspolitici niks anders as party-voordeel uit ons brandende volksprobleme wat om oplossing skreeu nie. Laat ons in gedagte hou dat 'n vraagstuk alleen as opgelos beskou kan word wanneer dit nie meer bestaan nie. Wat is nou die logiese konsekwensies van die gelykstelling-assimilasie-beleid? **Dit:**

**1. Verwestering en ondergang van ons nie-blanke rassegroepe.**

Ons moet in aanmerking neem dat hier in Suid-Afrika hoofsaaklik drie nie-blanke rassegroepe is, t.w. die Bantoe (of naturelle), die Kleurlinge en die Asiatiese rassegroep (veral Indiërs). Wat hierdie aspek betref, kan ons almal nie identies behandel nie.

Die Kleurlinge (wat geen homogene rassegroep is nie) verkeer in 'n bejammerenswaardige posisie, hulle het al sodanig verwesters dat hulle oorwegend negatief en selfs vyandig ingestel is teenoor die blankes, veral die Afrikaners. Die kleurlingsiel verkeer voortdurend in 'n onoplosbare konflik: **Hy wil wegkom van sy kleurlingskap maar hy kan nie word wat hy graag wil wees nie, nl. witmens.** Hulle het bloot na-apers van die blanke geword, of afskaduwing van die blankes. Dit spreek dus vanself dat hulle nie 'n eie kultuur en eie aspirasies kan ontwikkel nie. Onder die huidige samelewing, d.w.s. die kleurlinglewe te midde van die blanke gemeenskap, sal die kleurlinge **nooit** tot 'n aparte volksgemeenskap met 'n eie nasieskap en kultuur kan ontwikkel nie. So-iets kan alleen plaasvind as daar algehele apartheid bewerkstellig word.

Wat die Indiërs betref is die posisie heeltemal anders. Die ander twee nie-blanke rassegroepe is beide inheemse groepe terwyl die Indiërs uitheems is. Hulle is wesenlik nog steeds Asiaties. Hulle praat nog Indiese tale tuis, hulle kultuur is nog Asiaties en verder praat hulle nog van 'n „home" oorkant die see. As hulle dink dat hulle nie hier tot hulle reg kom nie, dan moet Vader-Indië en Moeder-V.V.O. maar hulle stem verhef en die kinders onder hulle vlerke beskerm. Nieteenstaande dit nie, beweer die Indiërs dat hulle doelbewuste strewe nog altyd is, om te verwester. Veral die stedelike jeug van die Indiërs is besig om 'n proses van losmaking uit hulle eie kulturele verband te ondergaan (miskien 'n vername oorsaak van jeugmisdaad by hulle). Oor die algemeen kom verwestering nog in verskillende grade voor, so af en toe sien 'n mens nogal 'n Indiërmeid sonder 'n lang, veelkleurig broek met 'n kortrok aan.

Wat die noturelle betref, kan gesê word dat die verwesteringsproses al ver gevorder het, dit dring alreeds deur tot in die naturellereserwes. Die tempo waarin dit op die oomblik plaasvind, is onrusbarend en dit skyn ook asof dit nie maklik gestuit kan word nie. Die konsekwensie is dat dit sal uitloop op die ondergang van Bantoekultuur (om maar te fluister, wat jammer sal wees). Die humaniteitsmense dink anders, hulle wil die ontstammingsproses onder geen omstandighede stuit nie, maar dr. Philip se natuurkindertjies, moet doelbewus gehelp word om dié westerse kultuur te assimileer. Langs hierdie weg moet hulle beskaafde mense word en nie die blankes gelyk gestel word. Lees maar die boek: "S.A. in the Melting Pot," en dié van George Padmore, "How Britain Rules Africa," en sien hoe die gees van dr. Philip vandag in Suid-Afrika herleef. Die geleerde naturelle onderskryf ook hierdie liberalistiese standpunt. Wat sal die gevolge hiervan wees? Die nie-blanke rassegroepe sal geheel-en-al deur die verwesteringsproses onderploeg word. Of hulle die kultuur van die witman hulle eie kan maak is 'n ander vraag. Die ervaring het nog altyd die teendeel geleer! Die gevolg van hierdie liberalistiese assimilasiebeleid sal wees dat die naturelle sal ontstam en 'n kultuurlose massa sonder eie nasionale en kulturele inhoud sal word. Hierdie beleid om van die naturelle witmense te wil maak, is niks anders as 'n ondiens en om hulle van die wal af in die sloot te help. So-iets is onmoontlik as die apartheidsbeleid konsekwent deurgevoer word.

(Word vervolg).

Ons is nie tevrede met die lewe wat in onsself is nie; ons wil graag 'n denkbeeldige lewe voor die oë van ander vertoon en vir daardie doel poog ons om te skitter.—B.P.

* * *

Jy sal jou nie bekommer oor wat die mense van jou dink nie as jy maar net weet hoe selde hulle oor jou dink.—P.F.

* * *

Daar is teveel mense wat nie omgee wat gebeur nie, solank as dit nie met hulle gebeur nie.—W.T.

* * *

Geduld is 'n soort woord wat sommige mense gebruik om hulle onvermoë om 'n besluit te vel, te beskryf.—H.P.

## EENHEID ONDER DIE STUDENTE VAN DIE P.U.K. 'N WERKLIKHEID

Dit is al 'n geruime tyd dat daar van verskillende kante pogings in die werk gestel is om eenheid te bewerkstellig onder die Nasionaal-gesinde studente van ons inrigting. Eenheid het 'n behoefte geword in die afgelope jare, almal het gevoel dat toenådering reeds daar is, dit moet nog net tot iets prakties omgeskep word. Die vraag was egter watter groep of organisasie sou kopgee, watter organisasie sou dit, waaraan hy jare gebou en gewerk het, opoffer ten koste van sy eie organisasie. Maar die vraag en moeilikheid is spontaan opgelos omdat die begeerte tot eenheid sterker was as die egoisteise dryfvere. 'n Kompromie was nie nodig om tot oplossing te kom nie omdat die grondliggende beginsel wat alle Nasionale groepe beheers dieselfde was. En omdat geen kompromie aangegaan is nie, is die eenheid wat gevind is nie kleurloos nie, nie sonder eie karakter nie, nie sonder slaankrag en optredevermoë nie. Inteendeel dit het alreeds kragtige vermoë getoon, en ook in die toekoms sal die eendrag die mag toon.

Sou toenadering in ons breeër studetelewe nie ook moontlik wees as daar eers op elke universiteit onderling eenheid gevind is nie? Sou eenheid in ons volkslewe nie moontlik word as elke dorp of distrik onderling eenheid soek en bereik en so die muur van volkseenheid bou nie?

Aanvanklik is met die wete van die S.R. onderhandel met beide van die Nasionale organisasies an die inrigting en albei is dadelik gereed gevind om die moontlikheid van sodanige samewerking te ondersoek. Eindelik het elke bestuur drie lede uit elke kring benoem om saam 'n komitee te vorm om besprekings te voer oor die saak. Die komitee het vergader op 26 Mei waar die voorsitter van die S.R. ook teenwoordig was.

Op genoemde vergadering is 'n grondslag en 'n grondwet bespreek en op beide gevalle is daar ooreengekom en is daar 'n grondslag gevind en ook

BLACK EN KIE
BEPERK.
KLERASIE VIR DIE HUISGESIN
KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.
SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.
*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*
Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!
Posbus 197. Foon 179.
KERKSTRAAT 61, POTCHEFSTROOM.

J. HEIDEMA
Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk, POTCHEFSTROOM.
RYWIELE: RALEIGH, ARGYLE, SUN, HERCULES, PHILLIPS, UNITY.
MOTOR-RYWIELE: VELOCETTE MATCHLESS
J. HEIDEMA

BERGERS BEPERK
*wat steeds lae pryse handhaaf*
—IN—
Dames-, Kinders-, Mans- en Seunsuitrustings.
BERGERS DROOGSKOONMAAKAFDELING vir vinnige aflewering en beste behandeling.
PAKKE KLERE 2/11. BROEKE 1/3. ROKKE vanaf 2/11.
*Probeer——Bergers Beperk——Eerste!*
Foon 138 POTCHEFSTROOM Kerkstraat 64

BOTHA GOOSEN
Kerkstraat 98, Potchefstroom.
Foon 430 Posbus 81
—vir—
MANSKLERASIE

ELKE DAG VARS.
TURKSTRA'S BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
*BRUIDSKOEKE*
FOON 282. FOON 282
KERKSTRAAT 37, POTCHEFSTROOM.

'n grondwet daargestel. (Sien hieronder).

Die prosedure vir die nabye toekoms sal nou as volg wees:

Die grondwet sal voorgelê word aan die besture en lede van die betrokke organisasies vir goedkeuring.

Op 'n vergadering wat gereël is deur b.g. interim-komitee, 10 Junie 1947, sal die Grondwet voorgelê word aan alle studente van beide organisasies en aan ander belangstellendes. Hulle goedkeuring sal daarvoor gevra word. Op genoemde vergadering sal Prof. J. C. van Rooy die vergadering toespreek oor Volkseenheid. Alle studente en belangstellendes is hartlik welkom.

Daarna sal die goedgekeure grondwet voorgelê word aan die S.R. en die Universiteitsowerhede vir finale goedkeuring.

Daarna die stigtingsvergadering, hopelik nog in hierdie kwartaal, en die verkiesing van die nuwe bestuur

Verder graag 'n woord van hartlike dank eerstens aan Mnr. Jan van der Walt vir sy ywer in hierdie saak en vir sy opregte goeie gesindheid waarmee hy hierdie saak van die begin af aangepak het. Mag hy die goeie vrugte van sy ywer sien. Tweedens aan sy bestuur wat ook hierdie saak aangepak het met die opsetlike doel om die saak tot 'n suksesvolle einde te voer.

Derdens, opregte dank aan Mnr. B. Spoelstra vir sy bereidwilligheid om alles wat van hom gevra was vir hierdie saak, van harte te gee. Mag ook hy die vrug sien van wat hy gedoen het. Vierdens aan sy bestuur ook hartlike dank vir die vriendelike bewyse van opregte begeerte tot samewerking.

Aan alle studente dank vir hierdie mooi voorbeeld van saamstaan, en van samwerk soos hulle gewerk het op 31 Mei in die konsentrasiekampkerkhof.

PANSO is sy naam, sy vlag—DIE VIERKLEUR, sy Leuse.

EENDRACHT MAAKT MACHT.

Mag die Almagtige God hierdie poging en hierdie organisasie seën!

## SO WIL ONS DIT HOOR.

Ds. de Lange van Parys het 'n kostelike toespraak gelewer in die jongste Korpsvergadering. Ongelukkig kan ons onmoontlik hier alles aanhaal wat die geagte ds. gesê het. Tog wil ek hier twee raak opmerkings neerskryf.

„Omdat dans 'n verbreking van die monogame huwelik is en dit laat verword tot poligamie, daarom is dit teen die Skrif en daarom mag dit nie."

„Die krag van 'n rivier bestaan nie in hoe wyd die stroom vloei nie, maar die krag is geleë in die diepte." Dus: Nie hoeveel kontakte met enige groep ons het na buite (in die wydte) nie, maar hoe heg en hoe stewig (in die diepte) ons beginsel gefundeer is en wat ons bereid is om daarvoor op te offer. As ons vas staan by die regte beginsel, dan hoef ons ook nie isolasie te vrees nie. Want dan lê ons krag juis in ons isolement!

So wil ons dit graag hoor!!

W. VENTER.

Die beste manier om met 'n vrou oor die weg te kom, is om maar haar pad te gaan.—A.

* * *

'n Goeie daad gaan nooit verlore nie. Hy wat hoflikheid saai, maai vriendskap, en hy wat vriendelikheid plant, pluk liefde.—B.

* * *

Wat skoon is, is goed, en wie goed is sal weldra ook skoon wees.—S.

* * *

Moet nooit van die wederonderstelling uitgaan dat 'n geleentheid tweekeer aan jou deur sal klop nie.—C.

* * *

Moeilikheid is slegs 'n geleentheid in werksklere.—H.K.

* * *

Dobbelary is die seun van hebsug en die vader van wanhoop.—F.S.

## GRONDWET VAN DIE NASIONALE EENHEIDS-ORGANISASIE VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

I. Naam: Die P.U.K. se Afrikaanse Nasionale Studenteorganisasie.

II. GRONDSLAG: a) Die Organisasie erken die oppergesag van God en Sy Woord op elke gebied van die lewe en daarom ook in die lotgevalle en bestemming van die Afrikanervolk. Ooreenkomstig hierdie beginsel staan die Organisasie op Chris.-Nas. grondslag volgens die tradisies van die Afrikanervolk soos in die geskiedenis beliggaam.

b) Die Org. stel hom verder onder die grondslag en Patronaat van die S.R.

III. DIE WAPEN: Dié van die S.A.R. met behoud van die Hollandse: „Eendracht maakt Macht."

IV. TAAL: Die taal van die Org. is Afrikaans.

V. DOEL: 1) Om alle studente van die P.U.K. vir C.H.O. wat die in Art II genoemde lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is, te verenig en te verteenwoordig en hulle aan te wakker tot Nasieliefde en Nasiediens.

2) Om alle denkrigtinge en landsprobleme op akademiese wyse te bestudeer, ooreenkomstig die beginsels van die grondslag.

3) Om die volkseie te bevorder, volksvreemde elemente wat skadelik is vir die ontwikkeling van die Boerevolk, te bestry en om in S.A. en in Potchefstroom 'n studentegees en -dissipline te bevorder wat 'n eie Nas. stempel dra.

4) Om te stry vir die behoud van 'n blanke S.A.

5) Om die Nasionale belange van die studente te behartig en daarvoor by die owerhede in die bresse te tree.

VI. LIDMAATSKAP. 1) Enige voltydse student aan die P.U.K. vir C.H.O. wat die grondwet van die Org. onderskryf en hom of haar aan die statute en reglemente onderwerp, kan lid word.

2) Lidmaatskap word verkry deur ondertekening van sodanige vorms as wat deur die bestuur goedgekeur word.

3) Lidmaatskap word eers van krag wanneer die aansoek deur die bestuur goedgekeur word.

4) Die bestuur het te enigertyd die reg om 'n lid van die rol te skraap, wanneer die bestuur oortuig is dat die lid hom of haar nie hou aan die grondwet en reglemente van die Org. nie of dat sy of haar lidmaatskap nie tot voordeel van die Org. strek nie.

VII. SAMESTELLING: 1) Jaarliks word die bestuur deur die lede van die org. verkies. Die bestuur sal bestaan uit: Die Leier, Onderleier, Sekretaris, Penningmeester, Organiseerder en 4 (vier) addisionele lede waarvan twee dames moet wees.

2) Die Leier, Onderleier, Sekretaris en Penningmeester tree op as dagbestuur van die Organisasie.

3) Funksies van die bestuur van die Org.:

i. Dit lei en bestuur die aktiwiteite van die Org., o.m. deur die begin van elke jaar 'n volledige werksprogram op te stel. Van die Bestuur moet die inisiatief en besieling uitgaan.

ii. Die Bestuur oefen die dissipline van die Org. uit, onderworpe aan die reg van lede om hulle op die S.R. te beroep.

iii. By aftrede lê dit 'n volledige verslag van werksaamhede aan die ledevergadering voor.

iv. Wanneer die meerderheid van die bestuur oortuig is dat 'n besluit van die ledevergadering in stryd is met die grondwet en reglemente, of nie in belang van die Org. nie, het dit die reg om die uitvoering daarvan tydelik op te skort, die adviseurs van die Org. te raadpleeg en, nadat hulle advies ingewin is, die saak weer voor die ledevergadering te lê. As hierdeur geen oplossing gevind word sal die saak na die S.R. verwys word vir beslissing.

4) Funksies van die Leier:

i) Van die Leier moet inisiatief en leiding uitgaan in samewerking met die bestuur.

ii) Hy tree op as mondstuk i.v.m. alle sake wat die belange van die Org. raak en verteenwoordig die belange van die Org. by die S.R.

iii) Wanneer die leier oortuig is dat 'n besluit van die bestuur in stryd is met die grondwet en reglemente of nie in belang van die Org. nie, sal hy die reg hê om die uitvoering van so 'n besluit tydelik op te skort. Verder dieselfde prosedure as in Art. VII, IV.

5) Die Ledeverg. kies op voordrag van die bestuur, 'n aantal erelede wat as Adviseurs van die Org. sal optree.

6) Die Bestuur stel die huishoudelike reglemente op onderhewig aan die goedkeuring van die Ledevergadering en finale goedkeuring deur die S.R.

VIII. WYSIGING: 1) Wysiging van hierdie grondwet kan slegs geskied op voordrag van die bestuur, deur 'n ledevergadering wat met 2/3 meerderheid daartoe besluit.

2) Artt. II, IV en VIII, 2, mag nie verander word nie.

3) Artt. VII en res van VIII mag alleen verander word op voordrag van die bestuur deur 'n ledevergadering wat met 2/3 meerderheid daartoe besluit op twee agtereenvolgende vergaderings, waar tenminste 3/4 van die lede teenwoordig is.

Dat rassesuiwerheid sonder segregasie nie bewaar kan word nie, kan as 'n biologiese wet beskou word.—P.C.C.

W. J. GROBBELAAR
DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

***Helen Curtess Machineless Oil Perm.***
***Jamal Machineless Cream Perm.***

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.
Potchefstroom.

# OUDSTUDENTE — RUBRIEK —

## NON COMPOS MENTIS.

Dit was 'n belofte dat indien hierdie sg. „mentis" my nog nie in die steek gelaat het nie, ek so af en toe iets van my sou laat hoor. Om 'n beskryfenis van my gevoelentheid te gee sal nie so maklik gaan nie maar om hierdie kontrei en sy mense te bskryf is heel maklik. Die eerste ding wat my hier 'n bietjie deurmekaar gemaak het is dat iemand in 'n ander taal gesê het: "A blackberry is red when it is green" en dit is so, maar dit is op al die plekke maar so deurmekaar. Dit was darem nie die eerste keer wat ek deurmekaar was nie want vroeër toe ek die Hoofgebou met 'n fietspomp moes gaan opblaas het ek so geword en het sedertdien nog nooit weer verander nie.

Gelukkig is hierdie „berries' nie al wat my so deurmekaar maak nie. Wat my ook verwar is die veronderstelling van die wet dat elkeen en ieder al die wette van die land sal ken—die meeste van die tyd en glo ek nie eers aan die een van die Stopstrate nie. Nou-ja, net so swaar is dit om hierdie haas vergete landstreek aan die beskawing te beskryf. Van die mense en dinge hier kan gelukkig veel gesê word—maar dit doen ons nou nie. Dit het my laat dink aan die geleentheid toe die Pa aan die seuntjie gevra het wat van hom sou word as hy. d.w.s. sy Pa, sou doodgaan; die antwoord was: „Ek bly hier maar wat word van Pa?" my vriende het daar gebly maar wat word van my. Dit is van my ou vrinne van wie ek nie so baie wil sê nie, maar die nuwes van wie ek weer nie baie mag sê nie, hulle bly minder as die oues. Ek moes my toe skaar onder die vriendekring van die Ridders van die Mielieblaarklub, ons handhawers van reg en geregtigheid.

In die Internasionale verwikkelinge doen ons mee en deel in die soeke na die "missing link" maar ons sal nie op hierdie tydstip verder vorder as die Taungs-skedel nie. Die lienk moet glo onder die grond wees en sal daar nog gewag moet word totdat ek eendag opgegrawe kan word.

Ons word hier ook verplig om te glo aan die halwe waarheid. Dit is net die Indiërs wat met die hele waarheid geboikot word en is teen die tyd wat hierdie vrug besig was om ryp te word al klaar "wasshouts". En behalwe hierdie onbenullige ou sakies is daar dan ook nog die kleurlyn wat ergens in Kerkstraat getrek is. In hierdie kosmopolitiese samelewing word al die kleure ook aangetref; daar is ryk blankes en arm swartes, arm en ryk gekleurdes en 'poor whites." Die gekleurdes poeier hul om wit te wees; die wittes lê in die son om donker te word. Die moeilikheid is altyd net om te weet wie het nie in die son gelê nie of wie poeier nie. Hierdie poeiery het sy ontstaan gehad deur die miskenning van die lyn wat in die Kerkstraat getrek was. Hierdie is die Kaap-tipies! Dan is daar ook nog sekere uitheemse invloede aan die werk en die oorplasing van Engeland het reeds begin deurdat die Koning sy toekomstige tuiste net kom besigtig het. Soos altyd sien ek weer hier ook verby die voortekens en is altyd in die moeilikheid deurdat ek die moeilikheid self agter die bult gaan haal en dus altyd in hom is voordat hy nog naby is.

Dan is daar nog die moeilikheid om nie in 'n droogte-geteisterde distrik te bly nie—om die waarheid te sê, ons is dit nou al reeds vanaf die ontstaan van die Stellalandse Republiek en al die veranderinge in die Regeringsvorme het nog niks gebaat nie—veranderinge in die studente baat ook nie juis nie. Droogte! Dan kom dit wat bedoel was om nuus te wees hier aan as dit reeds Geskiedenis is. Ons spogbeeste kom op die mark aan as hulle reeds 'n goeie voorbeeld sou wees van 'n reeds vergane en verdorde spesies van en of ander fossiel. Maar slaag een—nie 'n bees nie

—om in 'n redelike goeie toestand hier weg te kom dan is dit 'n Prima; kyk maar na Basie en Fêr.

Daar is natuurlik baie dinge wat hier geding en gedoen word wat nooit gesê mag word nie. Dit is alledaags. "Snooker" is die nasionale spel en die bykomstige spele is voetbal met 'n paar sateliete soos hokkie en krieket. Die skiet is natuurlik nege maande toe, maar die Molopo lê oop met sy smokkelhandel en die geweer se bek is natuurlik ook altyd oop. Hier is 'n paar dinge waarvoor die wet glo te eenvoudig is! Nie dat ons nie aan die wet hier glo nie want dit help nie om oor die grens te vlug nie—dit is nog maar steeds die „Empire". En as jy tot in S.W.A. moet vlug, sal dit teen die tyd dat jy daar kom reeds 'n vyfde provinsie van die Unie wees.

Om dus saaklik te wees en sonder om enige name verder te noem en insinuasies te maak oor die verstandelike vermoëns of die invloed van die Sorokko-winde, groet ek jullie almal.

H. J. A. DU PLESSIS.

'n Leuenaar word nie geglo nie, al praat hy ook die waarheid.—Cicero.

* * * * *

Diegene wat sonskyn in die lewe van ander bring, kan dit nie van hulleself weghou nie.—I.M.B.

* * * * * *

Die geleentheid om kwaad te doen, doen homself honderdkeer op 'n dag voor, en die geleentheid om goed te doen een keer per jaar.

* * * * * *

Hoe kan jy verwag dat die toekoms vir jou iets in die skoot hou, as jy niks in die skoot het vir die toekoms nie.—H.P.

# SPORTRUBRIEK

Sedert die verskyning van die laaste „Wapad" het die verskillende klubs weer mooi gepresteer en oortuigende oorwinnings is behaal.

Die Jukskeiklub het onlangs 'n besoek aan Parys gebring alwaar hulle deelgeneem het aan 'n toernooi. Soos gewoonlik het hulle die teenstanders in die stof laat byt en vir diè prestasie is aan hulle 'n trofee oorhandig—hartlik geluk!

Die hokkieklub maak ook goeie vordering. Sowel die mans- en dameshokkie staan hulle plek vol in hulle optrede. Ons hartlike geluk aan die dames met die oorwinning oor Parys.

Die volgende persone t.w. mejj. A. Stander en Kirschbaum is gekies vir die Wes-Transvaal dameshokkiespan, en mnr. P. Struwig vir die Wes-Transvaal manshokkiespan. Ons hartlike gelukwense met u verkiesing!

Die voetbal maak ook goeie vordering, en toon steeds tekens van verbetering in die optrede. Mnre. B. van Wyk en F. de Bruin is gekies om vir Wes-Transvaal te speel—geluk! Dié twee here het hulle dan ook goed van hulle taak gekwyt in die interprovinsnale voetbalwedstryd teen Noord-Transvaal verlede Saterdag op Pretoria.

Dit wil voorkom asof die eerste korfbalspan, nes die Jukskeiklub, nie meer weet hoe dit voel om te verloor nie, want elke wedstryd wat sover gespeel is is met oortuiging deur hulle gewen. 'n Mens kannie nalaat om melding te maak van die ratse hantering van die bal deur persone soos: Liesbeth, Crissie, Elsie, Susa, Asaniah en Leentjie nie. As hulle so aanhou, sal dit geen wonder wees as hulle naderhand, afgesien van al die studente, ook die ondersteuning van die Raad en Senaat om die veld sal geniet nie.

Waar ons e.k. Saterdag teen U.K.O.V.S. te staan kom, net 'n woord van sterkte aan alle klubs met u optrede—daardie swart kat moet Saterdag tot by oom Daantjie in die kalwerhok gejaag word!

Dit is vir die vrou 'n edele poging om die man terwille te wees, maar om 'n ander vrou terwille te wees, is heldhaftig, en baie slaag nie daarin nie.—L.Y.

* * *

Afbrekende kritiek is soos 'n modderviek: moet nooit daaraan raak solank dit nat is nie; die volgende dag sal dit slegs 'n stofkolletjie wees wat jy kan afstof.—A.

* * *

Moenie jou daaroor moegmaak dat geld 'n vloek is nie; almal is baie hulpvaardig om jou van daardie vloek te verlos.—A.P.

* * *

Die enigste geestelike inspanning wat sommige mense het, is om tot 'n gevolgtrekking te kom.

# Varia Rubriek

No. III.

Die Ou Plek,
Hier,
'n Bietjie Later.

Haai Pa!

Soe Pa, maar op hierdie plek gaan dit lekker. Pa weet hier word voetbal gespeel en hier is meisies. Dit laat pa seker ook aan ma dink—in die jong dae—né Pa? Ja pa, voetbal is lekker—vra maar vir die tokkelokke pa—hulle kry mos ook deesdae die gees. Van hulle het ook meisies pa, en party „Case" so onderlangs, maar ons weet dit sommer Pa.

Pa, Dun Daan is mos hier! Pa, die spiedskop jaag hom altyd. Sy gewig trek hom oor die stopstrate pa. Dis 'n ramp pa. Weet pa hoe lyk 'n ramp pa? Van rampe gepraat—ken pa vir Petie Mêrwe? Nou ja pa hy is nie 'n ramp nie, hy is net bederwe.

Is ma al terug pa? Ai pa, die Petie! Maar dis nog niks pa. Hier is die Nassius Walluis Magnificus Beminius—so stel ek hom aan pa voor—dit sê alles van hom pa en tog ook niks, want hy is ook 'n slagoffer van Cupido. Sy pas by hom pa!

Nou ja pa skryf gou en hou duim vas vir die Intervarsitie—Pa sal later verstaan wat dit is.

Nog net soos altyd.
GERT DUBBELDOOR, ESQ.

## EERSTEJAARSWYSHEID

Die sekretaris van die S.R. is die persoon wat kennisgewings in verband met die Raad 2 dae voor die tyd op die kennisgewingbord plaas.

Deur ontgroening raak 'n Eerstejaar alhoemeer eie met homself.

Een van die funksies van die S.R. is: Jaarliks 'n samewerking te reël met die T.S.V.

Jy kry eerstejaars met 'n outokratiese houding en dit word op die P.U.K. nie geduld nie.

Die seniors moet toesien dat ons, die eerstelinge, dissipline leer.

Die karakter van die eerstejaars word in ontgroening gevorm sodat hulle, die toekomstige volksleiers, nie later die volk op 'n dwaalspoor sal lei nie. (Bewaar die volk wat hulle moet lei!)

Louis wou U.K.O.V.S. se dirigent kidnap—maar in die voorbereiding het hy homself, gekidnap—dis werklik jammer!

* * *

Die P.U.K.-voetbalklub het 'n geheime wapen—die eintlike doel van hierdie wapen is om af te skrik—kyk maar in die Transvaler van die 5de deser.

* * *

Tutank is soos 'n liefdesappeltjie—hy kan geen vlieg leed aandoen nie.

Die moordsaak het sy klimaks genader. In die getuiebank was 'n allerfraaiste skone blondine. Die Kroonvervolger het onverbiddelik na haar gekyk.

„Ek sal my vraag herhaal," het hy haar hard aangespreek. „Waar was jy gedurende die nag van die 13de Oktober?"

Skaam om iets te antwoord, laat sak die dame haar kop: „Asseblief, moenie my dit vra nie, ek kan jou nie vertel nie."

„Jy moet ons vertel," het die vervolger voortgegaan. „Waar was jy gedurende die nag van die 13de Oktober?"

Die mooi dame bloos: „Goed as ek moet, sal ek maar vertel. Ek was by die huis besig om 'n blokkiesraaisel op te los."

„Nou is dit dan iets om oor skaam te voel," het die Kroonvervolger haar toegevoeg?"

„Sekerlik," het sy bevestig. „'n Mooi meisie soos ek, besig om my aand te vermors op 'n blokkiesraaisel!"

* * *

Die edelste onder die diere is die hond, maar die edelste van alle honde is vir die student die „hot dog." Dit voed die hand wat dit byt!

* * *

Op Lonkie se gesig lé die skaduwee van môre.

* * *

Chris lyk soos 'n kalf wat uitgesuip het.

Sommige mense is onpopulêr—hoë bome vang veel wind.

* * * * *

Haak jou wa aan 'n man wat soos 'n esel kan werk.—T.P.

* * * * * *

'n Skuldige gewete maak altyd van die mens 'n lafaard.—B.

MILLER EN KIE.,
BEPERK.
VIR WAARDE.

BESOEK ONS
Verskillende Afdelings.
MATERIALE,
GORDYNSTOWWE,
KLERASIE EN
SKOENE
VIR VOLWASSENES EN KINDERS
*en Bespaar Geld*
Posbus 75. Foon 197.
KERKSTRAAT 119,
POTCHEFSTROOM.

Besoek die Studente-
en Eg-Afrikaanse Kafee
SONSKYN
★
*Bediening na u Bevrediging*

STUDENTE
ondersteun die
SENTRAAL
HAARKAPPERS
LANGS DIE RENDEZVOUS KAFEE.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR
(Eienares: Mev. C. M. INGRAM)
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

O.K BAZAAR
(1929) BEPERK
60 Departemente onder een Dak.
Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ——— ens.
O.K. BAZAAR
POTCHEFSTROOM
Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.